KNITTING: A KNITTED CUSHION COVER

REQUIREMENTS: A knitted cushion cover, using knitting yarn and pattern of your own choice. The cushion may have any shape. Fasteners and an opening are participant's own choice and are not compulsory. The back of cushion cover should also be knitted, however the pattern needn't be similar to the front.

DESIGN, PATTERN STITCHES, AND PROPORTIONS: The design and pattern stitches should be suitable for the article. Pattern stitches must complement the yarn used. The cushion should have good proportions. Aran patterns are permitted.

KNITTING YARN AND NEEDLES: Use yarn of your choice, or combination of yarns that are suitable for the knitting pattern used. Needle size is determined by the choice of yarn, individual knitting tension and the knitting pattern used.

DECORATIONS: Additional decorations must be kept to the minimum. Decorations must form an integral part of the knitting. A small quantity of crochet is allowed if the same effect cannot be achieved by knitting techniques.

FINISHING OFF AND PRESENTATION: Sew all loose threads in carefully and cut off yarn ends after completion. Careful pressing is advised. Cover a piece of cardboard with suitable material. Place the cardboard in the cushion cover. If the opening is without fasteners, tack the open end in place with big stitches which can easily be removed when judging, if necessary.

BREIWERK: GEBREIDE KUSSING OORTREKSEL

VEREISTES: Gebreide kussing oortreksel, breidraad en patroonsteek is deelnemer se eie keuse. Die kussing kan enige vorm wees. Vasmakers of opening is deelnemer se eie keuse en nie verpligtend nie. Die agterkant behoort ook gebrei te wees, die patroon mag egter verskil van die voorkant.

ONTWERP, PATROONSTEKE EN PROPORSIES: Die ontwerp en patroonsteke moet geskik wees vir die artikel wat gemaak gaan word. Patroonsteke moet die ontwerp wat gebruik gaan word, komplimenteer. Die kussing moet goeie proporsies hê.

BREIDRAAD EN NAALDE: Gebruik breidraad of kombinasie van verskillende breidrade wat geskik is vir die patroon wat gebruik word. Geen breidraad word voorgeskryf nie. Die dikte van die naalde word bepaal deur die draaddikte, persoonlike breispanning en die tipe patroonsteek wat gebruik word.

TOOISELS: Bykomende tooisels moet tot die minimum beperk word. Tooisels moet integrale deel van breiwerk vorm. Geringe hoeveelheid hekelwerk word toegelaat, mits dieselfde effek nie met breiwerk verkry kan word nie.

AFWERKING EN AANBIEDING: Werk alle los drade sorgvuldig weg en knip drade na voltooiing kort af. Oordeelkundige parswerk word aanbeveel. Trek 'n stuk karton oor met geskikte materiaal. Plaas dit in die kussing oortreksel. Indien daar nie 'n opening met vasmakers is nie, ryg dan die opening met groot steke toe, sodat dit maklik tydens beoordeling verwyder kan word, indien nodig. Vertoon in 'n deurskynende plastiese sak.